**21 Augustus**

## Hoe hanteer jy jou beproewinge?

**Skrifgedeelte: Markus 5:21-43**
**Fokusgedeelte: Markus 5:36-39**

Angs en verskrikking – Jaïrus se kind lê op sterwe. Here, kom help. Dadelik gaan die Here saam met hom. Maar alles loop skeef. Die skare verdring die Here, en 'n siek vrou hou Hom op. Die tyd loop uit. Dan kom die verpletterende nuus: Die kind is dood! As die Here net vinniger wou optree? Jaïrus, moenie die Here verder lastig val nie. Dis te laat. Laat Hy maar omdraai.

Maar die Here draai nie om nie. Nou is Hy eers doelgerig op pad. Wat wil Hy nou nog doen? Tog lê ons troos nie daarin om presies te weet hoe die Here 'n krisis gaan oplos nie. Ons moet eenvoudig alles aan Hom oorlaat. Waar ons moed opgee, daar is die Here steeds doelgerig besig. En wanneer die Here hierdie dogtertjie doelgerig uit die dood opwek, sien ons hoe Hy werklik al die tyd omgegee het.

Vertrou die Here altyd. *Hy* weet hoe om ons beproewinge te hanteer. Dink daaraan hoe *Hy* jou beproewing hanteer, en jy hanteer dit baie makliker. Hy doen dit anders as wat ons gedink het dit moet, maar Hy doen dit altyd die beste, en Hy maak ons sterk. Jaïrus se geloof is deur hierdie donker dieptes sterker as wanneer die Here voor sy dogtertjie se dood daar by die huis sou aangekom het.

So werk Hy elke dag ook doelgerig met al jou beproewinge. Hoe hanteer ek my beproewinge? Nee! Kyk hoe hanteer die Here dit. Berus jou in sy werkswyse.

*Sing: Psalm 37:3, 4, 5 (Totius)*

*Ds. Hennie Briel (Petrusburg/Boshof)*